**Philip John**
Philip John is navorsingsgenoot in die Skool vir Media, Tale en Kommunikasie, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Port Elizabeth.
e-posadres: phjohn@webmail.co.za

# Die terapeutiese imperatief, stories en letterkunde: ’n Repliek aan H.P. van Coller

1

In *Tydskrif vir letterkunde* 42(1) gewy aan André P. Brink lewer H.P. van Coller uitvoerig kommentaar op John (2000), ’n artikel waarin ek probeer het om ’n groeiende, maar misplaaste tendens in die Afrikaanse literêre kritiek van die 1990’s te problematiseer. Die belangrikste eienskap van dié tendens is die neiging by ’n aantal Afrikaanse literêre kritici om ’n geloof in die “helende krag van stories” tot skering en inslag van hul omgang met die Afrikaanse literêre werklikheid te verhef.

Een van die sentrale besware wat Van Coller in sy artikel lug, is dat ek nie ’n “alternatiewe beskrywing” van die hedendaagse Afrikaanse literêre toneel aanbied nie:

> Waar John hopeloos in tekort skiet, is om die beskrywing van die Afrikaanse literêre veld gelyk te stel met wat sy ideale daarvoor sou wees. Genoemde kritici wat onder sy roede deurloop, het almal getrag om (aspekte van) die Afrikaanse literatuur te beskrywe. Indien John dit daarmee oneens sou wees, het dit hom vry gestaan om ’n alternatiewe beskrywing aan te bied. Dit het hy nie gedoen nie. Dit is sy goeie reg om iets anders van die Afrikaanse kritici (en van die Afrikaanse literatuur) te verwag as wat dit tot op datum presteer het, maar om by implikasie te beweer dat genoemde kritici dwaal in hul beskrywing en interpretasie van die literêre veld, noodsaak eintlik ’n alternatiewe beskrywing deur John (Van Coller 2005: 119-120).

Waarskynlik kan ’n groot gedeelte van die skuld vir verskille tussen literêre kritici herlei word tot misverstande. In die huidige geval is Van Coller se verwysing na die alternatiewe “beskrywing” wat ek in gebreke sou gebly het om te verskaf ’n goeie voorbeeld van so ’n mistasting of misverstand. Dit is egter lank reeds aanvaarde siening in die kenteorie dat foutering ’n belangrike, indien nie die belangrikste, rol speel by die ontwikkeling van kennis nie. Bloot op ’n banale vlak is dit juis sulke misverstande wat die geleentheid bied om gesprek te voer en meer duidelikheid te probeer bewerkstellig, ’n geleentheid wat hier aangegryp word, aangesien geleenthede om fundamentele sake aan berde te bring maar redelik skaars is in die Afrikaanse literêre kritiek.

Nog ʼn faktor wat ʼn rol speel by verskille, is onbeholpenheid of onduidelikheid, iets wat waarskynlik ʼn belangrike rol speel in die geval van John (2000) waar sake aangeroer word wat eintlik ʼn veel meer bedrewe, of ten minste uitgebreide, aanslag vereis. Een van die doelwitte van hierdie repliek is dan ook ʼn poging om die kwessies wat geïmpliseer (of doodgewoon onbeholpe uitgedruk) word in John (2000), duideliker uit te spel en aan die orde te stel.

ʼn Eerste misverstand wat hier uit die weg geruim moet word, is dat dit in John (2000) én in die onderhawige repliek *nie* gaan oor ʼn alternatiewe "beskrywing" nie, maar oor iets baie meer fundamenteels, naamlik oor ʼn alternatiewe *vraagstelling*. Dit is iets wat "beskrywing" voorafgaan. Veel meer is op die spel as wat met Van Coller se verwysing na ʼn "beskrywing" aan gesprek blootgestel kan word. Om die gesprek te beperk tot ʼn verskil oor ʼn "operatiewe" kwessie, tot ʼn vraag oor die adekwate "toepassing" van die bestaande literêr-kritiese instrumentarium, sou wees om die hele punt te mis.

Om dit anders te stel: dit gaan nie oor die vraag of "stories" ʼn helende of terapeutiese werking het, of nie het nie, een van die kwessies waaroor Van Coller wil hê ek met hom in gesprek moet tree (Van Coller 2005: 120). Dit is duidelik dat narratiewe so ʼn werking hét, of kan hê, in samehang met bepaalde ander emosionele en psigiese gebeurtenisse. Die vakliteratuur wat Van Coller in sy artikel aanhaal, gee genoeg blyke van hierdie feit. Sover dit my aangaan, is dit duidelik nie met betrekking tot hierdie punt dat ek van hom verskil nie. Ek meen dus nie dat veel gesprek hieroor te voer is nie. Vir my het die verskil tussen ons eerder te make met ʼn fundamenteler vraagstelling oor die aard van die Afrikaanse literêre kritiek en die Afrikaanse literêre kritikus, en per implikasie oor die aard van die Afrikaanse letterkunde, en dit is na hierdie vlak dat ek die gesprek wil verskuif.

## 2

Een manier om so ʼn fundamentele vraagstelling hanteerbaar te maak, is deur dit in ander vorme te stel, te "vertaal", of deur dit uitmekaar te haal of uit te pluis sodat die komponente of fasette waaruit dit bestaan sigbaarder word.

In die geval van hierdie "meningsverskil" tussen my en Van Coller oor die verband tussen "stories" en psigiese heling meen ek ʼn goeie benadering tot die probleem sou wees om die volgende vraag as vertrekpunt te gebruik: Wat beteken dit wanneer ʼn (Afrikaanse) literêre kritikus sê dat "stories" betrokke is by die verwerking van die psigiese traumas wat mense in die verlede gely het (en op hierdie faset van ʼn letterkunde soos die Afrikaanse fokus)? Effens anders geformuleer sou dié vraag soos volg kan lui: Hoe sinvol is die verbandlegging tussen "stories" en die verwerking van trauma, wanneer dit deur ʼn literêre kritikus gedoen word?

Deur die vraag op hierdie manier te stel, word dit moontlik om onmiddellik ʼn verskeidenheid verbandhoudende vrae en kwessies raak te sien, soos die volgende:

- wat gebeur wanneer ′n literêre kritikus die belangrikste fokus van ′n letterkunde herlei tot die verwerking van die traumas van die verlede?
- wat gebeur wanneer uiteenlopende dinge soos herinnering, stories en letterkunde relatief simplisties met mekaar in verband gebring word?
- wat is die implikasies hiervan vir die letterkundestudie en die letterkunde?
- wat gaan verlore of word gemaskeer wanneer ′n fokus op die verwerking van trauma in die sentrum van die bestudering van ′n letterkunde geplaas word?
- watter ander "buite-literêre" faktore, belange en ontwikkelings is betrokke by die verbandlegging tussen "stories" en die verwerking van trauma?

In die proses waar nagedink – en gediskusseer – word oor vrae soos hierdie behoort ander kwessies ook te figureer wat verband hou met die studie van letterkunde, soos byvoorbeeld wat die aangewese rol van ′n literêre kritikus is: is dit genoegsaam dat die kritikus hom beperk tot "beskrywing", of word ′n meer direkte vorm van ingryping in en deelname aan die literêre sisteem ook "toegelaat", of ten minste voorsien as moontlikheid? Binne sekere toonaangewende stromings in die kunsfilosofie word die kunsuiting immers nie beskou as los van die interpretasie daarvan nie (sien byvoorbeeld Danto [1986]). Die aanvaarding van die sienings van so ′n kunsfilosofiese stroming as gangbaar, maak dit baie moeilik, indien nie onmoontlik nie, om die kunswerk en die interpretasie (of die "beskrywing") daarvan van mekaar te skei. Die een impliseer die ander.

Met so ′n siening as vertrekpunt, word dit dus onmoontlik om ′n kunswerk (soos ′n letterkundige teks) te sien as ′n outonome entiteit wat onproblematies "beskryf" kan word. Die "beskrywing" is dan deel van die "skepping" of "realisering" van die kunswerk. Een van die implikasies van so ′n siening of benadering is dat die "beskrywing" self – soos die kunswerk – aan ondersoek en kritiese refleksie blootgestel moet word.

Dit is waarskynlik dat verskillende sienings oor so ′n kwessie gepaard sal gaan met radikaal verskillende en onversoenbare sienings van die aard en funksie van letterkundekritiek en -studie. Waar dit die geval is met deelnemers aan ′n potensiële gesprek soos dié tussen my en Van Coller, sal dit beteken dat die meningsverskil oor ′n onoorbrugbare kloof bestaan. Ofskoon die klem wat Van Coller op "beskrywing" lê my laat vermoed dat dit die geval is, laat ek dit aan hom oor om verdere lig op hierdie sy van die saak te werp en gaan ek voort met die gesprek binne die parameters wat ek as relevant en sinvol beskou.

3

Vir my doeleindes benader ek die kwessie vanuit twee rigtings, waarvan die eerste meer algemene teoretiese en metodologiese kwessies aansny en die tweede ′n spesi-

fieke voorbeeld, naamlik Van Coller se artikel as sodanig, as objek het. Saam vorm die opmerkings oor hierdie twee fasette 'n poging om lig te werp op die vraag oor wat "gebeur" wanneer die idee van terapeutiese heling van toepassing gemaak word op letterkunde deur 'n literêre kritikus. Deurgaans word ook terselfdertyd gepoog om die sinvolheid, al dan nie, van so 'n toepassing of verbandlegging te takseer.

Waar dit die algemene sy aangaan van 'n refleksie oor die tendens waarmee Van Coller identifiseer, is 'n goeie beginpunt een van die mees "algemeenste" vlakke denkbaar, naamlik die sosiologiese. Hier blyk dit dat 'n "draai na die terapeutiese" 'n wydverspreide tendens in die Westerse wêreld vanaf die middel van die vorige eeu verteenwoordig, soos spreek uit die titels van boeke wat oor die tendens handel, onder andere Philip Rieff se *The triumph of the therapeutic: Uses of faith after Freud* (1966), Thomas Szasz se *The therapeutic state: Psychiatry in the mirror of current events* (1984), K.S. Lowney se *Baring our souls: TV talk shows and the religion of recovery* (1999) en E. Moskowitz se *In therapy we trust: America's obsession with self-fulfillment* (2001).

Een van die mees onlangse en volledigste karterings van hierdie ontwikkeling is Frank Furedi se *Therapy culture. Cultivating vulnerability in an uncertain age* (2004) waarin hy betoog dat die "triomf van die terapeutiese" primêr 'n vorm van sosiale beheer is, iets soos die "dissiplinêre regimes" wat Michel Foucault so bekend gemaak het. Volgens hom bied die terapeutiese instelling, soos wat dit die afgelope vyftig jaar ontwikkel is, toegang tot die innerlike van die individu op 'n skaal en intensiteit wat nog nooit voorheen gerealiseer is nie (Furedi 2004: 95-96).

Hoe mens ookal oordeel oor 'n betoog soos dié van Furedi, wat sy studie baie duidelik maak, is die groot mate van seggenskap wat die sielkunde-dissipline in die laaste helfte van die twintigste eeu op bykans alle samelewingsvlakke verwerf het. Maar dan moet daar bygevoeg word dat die sielkunde-dissipline waarna hier verwys word, 'n sekere soort sielkunde-dissipline is, naamlik een wat algemeen die "egosielkunde" genoem word. Dit is 'n stroming in die sielkunde wat teruggevoer kan word na bydraes wat Anna Freud tot die ontwikkeling van die Freudiaanse psigoanalise gemaak het en wat uiteindelik uitgemond het in benaderings geassosieer met mense soos Abraham Maslow en Carl Rogers wat "self-verwerkliking" tot doelwit verhef het.

Die soort individu wat sentraal staan in die ego-sielkunde verskil hemelsbreed van die individu kenmerkend van die Freudiaanse en Lacaniaanse psigoanalise. Die individu wat in hul benadering verskyn, is altyd alreeds radikaal ondermyn en gerelativeer deur "ander" psigiese faktore en prosesse sodat enige sweem van "heelheid" beskou word as 'n illusie.

Waarby die voorafgaande kursoriese opmerkings mens bring, is 'n besef dat die "terapie" en die "heling" waarna Van Coller verwys in sy betoog, nie sulke vanselfsprekende terme is as wat hy dit laat lyk nie. Daar kan geensins sprake wees van "objektiwiteit" of sekerheid by die gebruik van hierdie terme in 'n argument of 'n

"beskrywing" nie. Die terme het verskillende betekenisse en waardes, konnotasies en implikasies, afhangende van hoe hulle gebruik word.

Sekere gebruike sal byvoorbeeld meer krities en self-refleksief wees as ander, gewoonlik die geval by kanonieke Freudiaanse en Lacaniaanse benaderings. Ander benaderings, soos die geval by Van Coller, neem die gebruik en die betekenis van die terme grootliks as vanselfsprekend. Daarom is daar byvoorbeeld geen bewustheid by 'n benadering soos dié van Van Coller dat "heling" dalk ook 'n ander betekenis kan hê nie, soos byvoorbeeld "sosiale beheer", standardisering, homogenisering, of wat ookal nie. Of dat dit dalk skakel met ander sosiale, kulturele en politieke prosesse as die heling van die individuele trauma nie, soos Van Coller dit het.

Waar Van Coller se benadering dus ernstig te kort skiet, is dat hy geen blyke gee van die veelkantigheid van trauma en van die gebruik of misbruik daarvan nie, iets waarvan 'n uitspraak in nog 'n studie oor trauma duidelik blyke gee: "People not only suffer trauma; they use it, and the idea of it, for all sorts of ends, good and ill" (Farrell 1998: 21). Die afwesigheid van so 'n bewussyn by 'n letterkundige is vreemd, aangesien veelkantigheid en maakbaarheid juis die één ding is waarvan die studie van literêre tekste die letterkundige bewus behoort te maak.

En dan het mens nog nie aan die idee van "stories" geraak nie. Of aan die verhouding tussen "stories" en "letterkunde" nie. Ek weet nie of Van Coller met my sal saamstem nie, maar ek dink dis belangrik om 'n onderskeid te tref tussen "stories" of "narratiewe" en "letterkunde". Alle letterkunde bestaan uit "stories", maar alle stories is nie letterkunde nie.

Hiermee gaan daar nog 'n probleem gepaard, waaraan dit nie duidelik is of Van Coller aandag aan geskenk het, of nie. Net soos in die geval van "terapie" kan verskillende "tradisies" met stories verbind word. In die geval van Furedi se problematisering van die terapeutiese ingesteldheid is dit duidelik dat "terapie" nie net "heling" kan bring nie, maar ook ander dinge, onder meer verhewigde sosiale beheer oor die emosionele lewe van die individu. Iets soortgelyks is ook die geval by die "stories" wat Van Coller inspan as synde instrumente waarmee individue dit regkry om trauma te verwerk. Nie lank gelede nie was die meeste literêre kritici onder die indruk dat "stories" intrinsiek deel uitmaak van "ideologie", dit wil sê 'n instrument waarmee mag uitgeoefen word oor individue en groepe. Beteken Van Coller se entoesiastiese propagering van die wonderwerking van "stories" dat die ideologiese werking daarvan iets van die verlede is? Wanneer en hoe het dit gebeur?

Daar hang egter nog 'n vraagteken oor die verband wat Van Coller lê tussen narratiewe en psigiese heling of die verwerking van trauma. Watter plek is daar in sy benadering vir die feit dat soveel skrywers wat probeer het om hul traumatiese ervarings te verwerk deur middel van stories, selfmoord gepleeg het?

4

Om dit anders te stel, wanneer ′n literêre kritikus in 2005 ′n verband lê tussen "terapie" en "stories" word hy deel van ′n wydverspreide diskursiewe ontwikkeling met belangrike en verreikende gevolge vir letterkunde en die letterkundestudie. Indien die kritikus in sy verbandlegging nie kennis neem van die bestaan van hierdie diskoers nie, loop hy die gevaar om grootliks onbewustelik ′n bydrae te lewer tot ′n ontwikkeling waartoe hy miskien liewer nie ′n bydrae sou wou gemaak het as hy deegliker oor die saak gereflekteer het nie.

Die voorafgaande opmerkings is egter grootliks bysaak. Die implikasies van ′n betoog soos dié van Van Coller wat my interesseer, betref primêr wat ek meen die ware of eintlike "ondersoekobjek" is, te wete letterkunde of letterkundige tekste en die verband waarbinne hierdie objek bestaan, naamlik letterkundige ondersoek. Die sosiale en ander implikasies is nie hier ter sake nie. Dit gaan dus spesifiek oor die soort letterkunde en letterkundestudie wat Van Coller en letterkundiges soos hy skep met hul aansluiting by die "terapeutiese draai".

In sy studie oor die "terapeutiese draai" vat Furedi die aard van die ontwikkeling saam deur dit te beskryf as gekenmerk deur basies ′n vooropstelling van die emotiewe, "a stance which continually subordinates the act of reasoning to feeling" (Furedi 2005: 159). Nog ′n soortgelyke manier om hierdie ontwikkeling te beskryf op ′n manier wat meer gepas is vir die letterkundestudie, is om te praat van die vooropstelling van "lewe" bo "vorm" (vergelyk Featherstone 1995: 50-51). Op hierdie abstrakte manier gestel, is die presiese implikasies vir letterkunde as objek egter nie baie duidelik nie.

Een manier om die implikasies van die aansluiting van letterkundiges by die terapeutiese draai duideliker uit te spel, is om aandag te skenk aan ′n poging om ′n soortgelyke ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse letterkundestudie te problematiseer, naamlik J.M. Coetzee se praatjie, "The novel today", gehou tydens die *Weekly Mail* Book Week van 1987. Coetzee spreek hier die mening uit dat "… in South Africa the colonisation of the novel by the discourse of history is proceeding with alarming rapidity" (Coetzee 1988: 3).

Wat hy hiermee bedoel het, is dat die roman (of letterkunde) in Suid-Afrika toenemend onderwerp is aan die kategorieë en waarde-oordele kenmerkend van die geskiedenis-dissipline. Die heersende tendens was volgens hom "… to read novels as what I will loosely call imaginative investigations of real historical forces and real historical circumstances; and conversely, to treat novels that do not perform this investigation of what are deemed to be real historical forces and circumstances as lacking in seriousness" (Coetzee 1988: 2). Volgens Coetzee het hierdie kolonisasie van die letterkundestudie deur ′n ander dissipline ′n ongunstige uitwerking daarop, hoofsaaklik omdat dit die outonomiteit en koherensie van die letterkundestudie aantas. Coetzee se praatjie is ′n "vertaling" van ′n betoog wat hy reeds in 1973 op bykans profetiese wyse fiksioneel vorm gegee het in *Dusklands*. Hier het hy gewys hoe slegs

letterkunde kan wys wat "werklik" in die geskiedenis gebeur het (vergelyk John [2004] vir 'n vollediger uiteensetting).

Dit was egter nie slegs "geskiedenis" in die gewone sin van die woord (soos deur Coetzee betrek) wat in die laaste kwart van die twintigste eeu 'n skadelike invloed op die Suid-Afrikaanse letterkundige toneel begin uitoefen het nie, maar 'n hele reeks "geskiedenisse", waarna nou gebruiklik verwys word met die term, die "identiteitspolitiek". Met hierdie term word verwys na die hele reeks identiteite of subjektiwiteite wat op die voorgrond getree het en geëis het dat daar aan hulle perspektiewe en belange "stem gegee" moet word in letterkunde. Tesame met hierdie eis om stemgewing, het hulle ook geëis dat hul "geskiedenis(se)" "korrek" gereflekteer moes word in letterkunde. Sonder uitsondering was die verlede wat hulle herstel wou sien, 'n geskiedenis van beletseling, marginalisering en diskriminasie. In die meeste gevalle is daar nie 'n groot onderskeid getref tussen hierdie geskiedenisse en die idee van 'n "trauma" van die een of ander aard nie.

Terselfdertyd is die "klassieke" siening dat letterkunde in die eerste plek verband hou met 'n "bevoorregte" diskoers, naamlik die estetiese, weggevee as 'n instelling waardeur sekere groepe hul magsbelange bevorder het. Die segspersone van die "voorheen gemarginaliseerde subjektiwiteite" het inderdaad toenemend geëis dat "lewe" (hul spesifieke lewensvorme) bevoorreg moet word bo "vorm", dit wil sê bo die idee dat letterkunde 'n vorm van kuns of estetiese uitdrukking is.

Een van die kenmerke van hierdie ontwikkeling is dat terme soos "onderdrukker" en "onderdrukte", "koloniseerder" en "gekoloniseerde", en ander soortgelyke teenstellings op die voorgrond begin tree het in die letterkundestudie. Van Coller skaar hom baie duidelik by hierdie tendens deur die bruikbaarheid van sulke terme te beklemtoon (Van Coller 2005: 119), in teenstelling met 'n vermaarde letterkundige soos Douwe Fokkema wat reeds in 1996 gewaarsku het dat die ondersoek van menslike verhoudinge nie tot sulke teenstellings gereduseer kan of behoort te word nie (Fokkema 1996: 22).

Die uitwerking van hierdie proses op die letterkundekritiek was wydstrekkend en indringend, met as een van die mees kenmerkende resultate literêre kritici wat antagonisties ingestel is teen die idee van letterkunde as 'n unieke en besonderse uitdrukking. Volgens hierdie "literatuur-onvriendelike" kritici moet letterkunde in die eerste plek die "mens" of die "lewe" dien en nie een of ander "abstrakte" ideaal nie soos estetiese vorm nie. So 'n benadering tot letterkunde kom dus essensieel neer op 'n miskenning van die waarde van die estetiese en 'n vooropstelling van die utilitêre.

'n Kantaantekening wat hier gemaak moet word, is oor die neiging by kunsonvriendelike kritici om die estetiese gelyk te stel aan "skoonheid" en dit tot 'n kwessie van "smaak" te reduseer. Skoonheid is egter slegs een faset van estetiese uitdrukking, en daarby nie van alle estetiese uitdrukking nie. 'n Beter benadering tot die idee van die estetiese is om terug te keer na een van die sentrale bronne van die moderne

siening van die estetiese, naamlik Kant. In sy benadering is die estetiese in die eerste plek ʼn soort *kennis* wat nêrens anders en op geen ander manier gerealiseer kan word nie. ʼn Nog beter perspektief op estetiese uitdrukking as ʼn spesiale soort kennis is te vinde in Schiller se *Über die Ästhetische Erziehung des Menschen* waar hy die unieke aard van dié kennis beskryf as ʼn samevoeging van gevoel en redelikheid (waarmee onderskeidings soos dié tussen "lewe" en "vorm" verband hou). Die ondergeskikstelling van letterkunde aan utilitêre belange en ʼn instrumentele soort redelikheid beteken dat hierdie unieke soort kennis verlore gaan.

Al die elemente wat kortliks hierbo bespreek word met verwysing na die vooropstelling van die "lewe" bo "vorm" en ʼn pragmatiese benadering tot estetiese uitdrukking, kenmerkend van die identiteitspolitiek, is teenwoordig in Van Coller se benadering. Hy verteenwoordig egter nie soos die "gewone" identiteitsaktivistiese literêre kritikus ʼn spesifieke, onderskeibare subjektiwiteit nie, maar identifiseer hom eerder met die "algemene" sy van die ontwikkeling, naamlik met die idee dat letterkunde betrokke behoort te wees by "stemgewing" aan slagofferskap in die algemeen of aan diverse soorte slagoffers, oftewel almal wat op die een of ander manier ʼn traumatiese ervaring beleef het, of so glo.

5

Weer eens is dit nie hierdie sy van Van Coller se benadering wat vir my primêr van belang is nie. Die belangrikste deel van Van Coller se betoog het te make met die ekwivalent in sy geval van J.M. Coetzee se verwysing na die kolonisasie van letterkunde deur ʼn ander diskoers of dissipline. In Van Coller se geval is die tersaaklike dissipline natuurlik die sielkunde, en meer spesifiek die ego-sielkunde. ʼn Idee, met die konsepte en terme wat dit vergesel, te wete heling deur terapie, word gebruik by die studie (oftewel "beskrywing") van letterkundige tekste. Daarmee is op sigself natuurlik niks verkeerd nie. Dissiplines leen aan die lopende band idees en konsepte oor en weer.

Tog bly daar leen én leen. ʼn Verantwoordelike en verantwoorde gebruik van konsepte uit ʼn ander dissipline vereis dat daar intens gereflekteer moet word oor die konsepte wat geleen word – oor die mate waartoe dit op die lener-dissipline van toepassing is; oor die verskille tussen die twee dissiplines, hul objekte, ondersoekmetodes en toepassings; oor die aanpassings wat gemaak moet word met betrekking tot die geleende konsepte, ensovoorts.

Wat gebeur in die geval van die benadering waarvan Van Coller ʼn verteenwoordigende voorbeeld is? Soos reeds gesuggereer, vind die oorname van terme uit die sielkunde grootliks plaas sonder refleksie, met as belangrikste gevolg dat die idee van "letterkunde" verdwyn en gereduseer raak tot "stories" of "narratiewe". Die kolonisasie van letterkunde en letterkundestudie is dan voltrek. Binne so ʼn benadering is daar min of geen plek vir die idee dat letterkunde primêr "kuns" is, met alles wat

daarmee gepaard gaan nie. Hiermee voeg Van Coller hom by ʼn stroming in die twintigste-eeuse kultuur wat "ongemaklik" voel oor die soort kennis wat die estetiese bring, deur ten minste een kritikus bestempel as "gevaarlike kennis". Die manier waarop Van Coller letterkunde probeer inskakel by (nog) ʼn utilitêre projek, is maar net nog ʼn voorbeeld van hierdie neiging om kuns te probeer ontkrag.

Die grootste probleem lê egter by die identifisering van die objek waarmee Van Coller eintlik besig is, oftewel met die implikasies vir sy benadering vir die letterkundestudie. Die belangrikste implikasie van sy benadering is dat die letterkundestudie verdwyn as dissipline. Die uitings wat Van Coller maak binne die raamwerk van sy benadering sorteer primêr binne die kader van die sielkunde. Die basiese stelling waarmee hy werk – "stories bring heling vir getraumatiseerde individue" – is ʼn stelling wat primêr hoort in die sielkunde. Dit is die soort gevolgtrekking wat mens verwag van ʼn *sielkundige* en *nie* van ʼn letterkundige nie.

Om die kwessie nog meer konkreet te maak: indien die soort ondersoek wat Van Coller doen, die stellings wat hy maak en die gevolgtrekkings waartoe hy kom, primêr sielkundig van aard is, waar pas die letterkunde in? Om dit nóg konkreter te stel: indien letterkundestudie, soos deur Van Coller voorgestel, neerkom op die ondersoek van onderwerpe en objekte wat onder die sielkunde ressorteer, wat is die rasionaal vir die voortbestaan van aparte letterkundedepartemente aan universiteite? Is die logiese afleiding om te maak nie dat hierdie departemente opgeneem moet word in sielkundedepartemente nie? As letterkundestudie lyk soos Van Coller dit beoefen, het letterkunde mos nie ʼn unieke ondersoekobjek waarop die literêre kritikus fokus nie? Die "letterkunde" wat kritici soos Van Coller bestudeer, kan mos net so goed, en waarskynlik beter, in ʼn sielkundedepartement gedoen word?

Op ʼn heel fundamentele vlak getuig die benadering wat Van Coller so vurig verdedig dus essensieel van ʼn verskeidenheid vorme van teoretiese, metodologiese en vakkundige inkoherensie, met verstrekkende implikasies vir die dissipline waarbinne Van Coller homself plaas.

6

Die skadelike werking van Van Coller se vooropstelling van die terapeutiese imperatief is nie net op ʼn fundamentele, algemene vlak onderskeibaar nie, maar soos te verwagte ook op ʼn meer spesifieke vlak. Om af te sluit gee ek kortliks aandag aan enkele implikasies wat Van Coller se teoretiese ingesteldheid vir sy praktyk het, soos dit manifesteer in die artikel waaroor dit hier gaan, Van Coller (2005).

Na die kritiese opmerkings oor John (2000), verskaf Van Coller uitgebreid aandag aan kritici wat positief staan teenoor die idee dat narratiewe betrokke is by die verwerking van trauma. Die vernaamste bron waarby Van Coller aansluit, is bydraes deur Mieke Bal en Ernst van Alphen tot *Acts of memory. Cultural recall in the present* onder redaksie van Mieke Bal, Jonathan Crewe en Leo Spitzer (1999).

Soos deur Van Coller aangebied, skyn dit dat Bal en Van Alphen hoofsaaklik fokus op 'n *sielkundige* kwessie, naamlik op die verhouding tussen trauma en narratief, en die probleme wat die individu ondervind om die traumatiese ervaring onder woorde te bring. Bal beskryf volgens Van Coller byvoorbeeld hoe slagoffers probleme ondervind om hul herinnering te bemeester of te integreer: "Hulle kan in beide gevalle nie narratiewe word nie, óf omdat die traumatiserende gebeure herhaaldelik 'opgevoer' word eerder as narratologies gestruktureer - en sodoende bemeester – word, óf omdat hul 'buite' die subjek bly" (Van Coller 2005: 121). So is trauma vir Van Alphen "juis die onmoontlikheid (…) om 'n gebeurtenis te ervaar en te memoriseer" (Van Coller 2005: 122); oorlewendes van die Nazi-kampe ervaar probleme om oor hul ervarings te praat "omdat taal nie die moontlikheid gebied het waarbinne dit ervaar kon word nie" (Van Coller 2005: 123); en 'n reeks struikelblokke bemoeilik 'n verwoording van die evaring, onder meer omdat "… party slagoffers [wonder] of hul wel genoegsame objekte was: het hulle byvoorbeeld genoeg gedoen om ander te help?" (Van Coller 2005: 123)

Hieruit is dit baie duidelik dat dit gaan oor individue in 'n terapeutiese situasie en oor die rol wat die narrativisering van ervaring in die lewens van hierdie individue kan speel. Dit is duidelik 'n sielkundige kwessie – bygesê, duidelik ook 'n fassinerende studieveld. Maar die implikasie vir die letterkunde is nie is voor die hand liggend nie. Daar is egter in die studies waarby Van Coller aansluit kennelik nie 'n refleksie ingebou oor die verhouding tussen sulke herinnerings en "letterkunde" nie. Dit lyk eerder asof die studies gekenmerk word deur 'n abrupte sprong vanaf getraumatiseerde individue met hul worsteling om stories te skep na letterkunde. Inderwaarheid laat Van Coller se aanbieding dit lyk asof die moontlikheid om kuns te maak uit trauma nie 'n opsie is nie, en definitief is dit nie 'n opsie wat in die sentrum van hierdie ondersoekers se fokus staan nie. Wat in die sentrum staan, is "pyn" en die stryd daarteen, of soos dit hierbo genoem is, "lewe". Soos voorheen gesê, presies waar letterkunde tussen dit alles pas, is onduidelik.

Die a-literêre of anti-literêre inslag van Van Coller se benadering kan nog verder belig word met verwysing na 'n konsep wat skynbaar 'n sentrale plek inneem in die draai na die terapeutiese, naamlik "dissosiasie". Volgens Van Coller het ondersoekers van trauma tot die gevolgtrekking gekom dat dit gaan om "dissosiasie" eerder as repressie by getraumatiseerde individue (Van Coller 2005: 122). Goed en wel. Die meeste letterkundiges weet nou egter dat verskillende vorme van tekstuele "dissosiasie" reeds vroeg vanaf die begin van die twintigste eeu deel geraak het van Europese letterkundige tekste, soos die werk van die Moderniste oorvloedig getuig. Met die oorgang na die Postmodernisme het vorme van tekstuele dissosiasie nie verdwyn nie, maar eerder vermeerder.

Dié kennis laat die volgende vrae oprys: Is die "dissosiasie" wat op die voorgrond staan in hierdie tekste aanduidings van onverwerkte trauma? Indien wel, wat is

hierdie trauma? Die lewe? Bewussyn? Redelikheid? Wat is die status van hierdie "dissosiasie" met betrekking tot die "dissosiasie" waarna Van Coller verwys? Wie verwag mens eintlik om te vra vir minder "dissosiasie": die sielkundige of die letterkundige?

Maar 'n nog belangriker vraag: Wat is die implikasies van Van Coller se implisiete aandrang op narratiewe *sonder* "dissosiasie" van die een of ander aard? Het ons weer te make met 'n ou bekende: die verdagmaking van "ingewikkelde", gefragmenteerde, diskontinue, "dissosiatiewe" tekste en 'n aandrang op narratiewe wat mooi sluit en minder ontstellend of verontrustend is? Ongelukkig lyk dit vir my soos 'n "dissosiatiewe" subteks van Van Coller se eie benadering.

Na sy uiteensetting van die terapeutiese imperatief sluit Van Coller sy artikel af met 'n analise van André P. Brink se *Anderkant die stilte*. In dié analise val die klem op die manier waarop Brink se werk toenemend by die heersende literêr-teoretiese status quo aansluit, onder meer deur die rol wat "herinnering" en "stories" daarin speel (Van Coller 2005: 125-126). Die hooffokus val egter op die hoofkarakter in *Anderkant die stilte*, Hanna X, 'n slagoffer in die ergste sin van die woord van die koloniale en patriargale stelsels.

Hanna X is 'n modelvoorbeeld van 'n "individu" wat aan erge trauma blootgestel word en dan die wonde gelaat deur haar traumatisering herstel deur dit in storievorm om te sit. Dis egter presies hier dat een van die probleme van Van Coller se benadering deurskyn. Hanna X se verhaal word nie deur haarself in storievorm gegiet nie, maar deur 'n skrywer-karakter in die teks. Dit is op grond van hierdie vormgewing dat Van Coller meen die "sluitmotief" van die roman is: "stories bring heling" (Van Coller 2005: 132). 'n Vraag wat egter hier oprys, is: Wie se storie, en wie se heling? Die vind van 'n antwoord op hierdie vraag word oneindig bemoeilik deur 'n ossilering tussen teks (of storie) en werklikheid, tussen karakter en konkrete individu in Van Coller se analise.

Dié ossilering in Van Coller se betoog tussen teks en werklikheid is duidelik te sien in die volgende opmerkings oor Hanna X, Brink se hoofkarakter:

> Wat getraumatiseerde slagoffers volgens Van Alphen nie kan doen nie, doen sy wel: sy onderskei 'n plotstruktuur in haar lewe, deel die rolle van protagoniste en antagoniste toe aan mense én werk na 'n denouement toe. Uit die roman is dit oorduidelik dat Brink *die skrywer* hier (wil) illustreer wat Brink *die teoretikus* betoog het in sy poëtikale artikel. Dit word enersyds 'n poging om die stilte van verswyging van die wandade van die kolonialisme te konfronteer: in die historiografie veral, maar ook wat betref die kerk, die behandeling van weeskinders, optrede jeens die "plaaslike bevolking", ensovoorts. Andersyds probeer Brink aantoon dat trauma wel geheel kan word deur 'n narratief. Want op bladsy 159 kyk sy haarself vir die eerste keer aan, konfronteer sy dus haar traumatiese ervarings trompop en op die volgende bladsy besef sy dat sy nog gevoelens het, dat sy nog

> leef en pyn kan voel. Daarom stap sy ook letterlik *verby* haar spieëlbeeld (lees: haar *verlede* ) en begin haar opmars (Van Coller 2005: 130-131; oorspronklike beklemtoning).

Die "sprong" in Van Coller se argument is hier heen en weer vanaf die werklikheid na fiksie, of na die tekstuele, op die patroon van Bal en Van Alphen, die kritici by wie hy aansluit. Voor hierdie oomblik in sy artikel het hy, soos ek dit verstaan het, met betrekking tot die verwerking van trauma verwys na werklik bestaande individue. Die sekondêre lektuur wat hy aangehaal het, handel hoofsaaklik oor mense wat hul blootstelling aan die Nazi-uitwissingskampe moes verwerk. In sy analise van *Anderkant die stilte* word die kennis oor die verwerking van trauma in die werklike lewe egter van toepassing gemaak op ′n fiktiewe karakter. Wat dit nog komplekser maak, is dat dit verder aan in sy analise lyk asof die eintlike trauma wat met die skepping van die verhaal geheel word, dié van die skrywer-karakter is, met in die agtergrond die konkrete skrywer André P. Brink (en sy (manlike?) lesers).

Waarop Van Coller se benadering neerkom, is dat gespring of geossilleer word tussen twee ontologiese domeine, naamlik aan die een kant dié van werklik bestaande individue en hul traumas, en aan die ander kant die fiksionele, verteenwoordig deur ′n *karakter* in ′n roman. Hierdie spronge tussen ontologiese domeine word gemaak sonder om blyke te gee dat daar ′n grens tussen die domeine is. Wat effektief gebeur, is dat die grens tussen lewe en storie (oftewel, fiksie) opgehef word. Hieruit ontspruit dan vaagheid en inkoherensie, met as gevolg dat die vrae ontstaan oor wie se trauma hier geheel word, dié van die individu-karakter, of dié van die konkrete skrywer.

Van Coller se analise is op nog ′n manier openbarend oor die werking van die terapeutiese imperatief by letterkundige kritici – en by sekere skrywers. In sy analise doen hy naamlik moeite om aan te toon hoe Brink in sy teoretiese werk bewus is van die terapeutiese draai en entoesiasties daarby aansluit (Van Coller 2005: 126-128). Die woorde wat Van Coller egter in die aanhaling hierbo gebruik om Brink se aktiwiteit te beskryf, dit wil sê sy "toepassing" van die teorie oor die helende werking van verhale, is egter erg problematies. Hierby moet duidelik gemaak word dat dit *Van Coller* se woorde en siening is, en dat ons minder duidelikheid of sekerheid het oor hoe Brink hom sou uitlaat oor hierdie sy van sy werk.

Van Coller betoog naamlik dat Brink in sy roman "illustreer" wat hy as teoretikus betoog het (Van Coller 2005: 130). Op soortgelyke wyse meen Van Coller dat Brink in *Anderkant die stilte* "aantoon" dat trauma wel geheel kan word deur ′n narratief (Van Coller 2005: 131). Deur Brink se (vermeende) optrede op hierdie manier te beskryf, reduseer Van Coller letterkunde tot ′n tweederangse "illustrasie" van ′n teorie. Sou Van Coller se beskrywing van Brink se optrede as skrywer in hierdie verband korrek wees, is dit verdoemend vir Brink se status as ernstige skrywer en kunstenaar. So ′n voorstelling maak van Brink ′n tweederangse kunstenaar wat die medium waarmee

hy werk benader met ʼn vooropgestelde idee of program. Van Coller maak hierdeur vir Brink ʼn oppervlakkige "illustreerder", eerder as ʼn diepsinnige kunstenaar.

Die werklik onrusbarende, of ten minste raaiselagtige, in hierdie verband kom egter aan die einde van Van Coller se artikel. Hier meen hy dat *Anderkant die stilte* ʼn roman is wat "homself kniehalter", en wat dus inderdaad esteties faal (Van Coller 2005: 132). My eerste refleks is om hierdie deel van sy betoog te lees as ʼn oomblik van (onbewuste?) self-ondermyning, waar hy my gelyk gee, naamlik dat daar ʼn onversoenbaarheid of ten minste spanning is tussen die (simplistiese gekonsipieerde) terapeutiese imperatief en kuns. Hier demonstreer die inkoherensie van sy betoog tog presies dit waarteen ek waarsku, naamlik die skadelike werking van die assosiasie van die terapeutiese imperatief en letterkunde. Nadenke bring egter die besef dat dinge komplekser mag wees, aangesien daar nog ʼn belangrike faktor by die probleem betrokke is, naamlik die skrywer, André P. Brink.

Ofskoon ek dus oortuig is dat die raaiselagtige en inkonsekwente in Van Coller se betoog terug te voer is na sy poging om die terapeutiese imperatief op letterkunde van toepassing te maak, is ek minder seker oor die relatiewe bydraes wat Brink en Van Coller se onderskeidelike aansluiting by die terapeutiese imperatief tot die inkoherensie en inkonsekwensies in Van Coller se artikel maak. Een manier om meer duidelikheid oor hierdie kwessie te kry, sou wees as Van Coller oorweeg om antwoorde op vrae soos die volgende te verskaf: Beskou hy Brink inderdaad as ʼn tweederangse kunstenaar? Toon hy inderwaarheid ten spyte van homself aan dat die benadering van ʼn medium soos letterkunde met ʼn vooropgestelde program (die heling van trauma deur stories) noodwendig estetiese "waarheid" kortwiek? Of is dit alles geheel en al minder ernstig en bloot ʼn geval van ʼn onbeholpe uitdrukking?

**Bronnelys**


Coetzee, J.M. 1988. The novel today. *Upstream. A Magazine of the Arts* 6(1): 2-5.

Danto, Arthur Coleman. 1986. *The Philosophical Disenfranchisement of Art*. New York: Columbia University Press.

Farrell, Kirby. 1998. *Post-traumatic Culture. Injury and Interpretation in the Nineties*. Baltimore: John Hopkins University Press.

Featherstone, Mike. 1995. *Undoing Culture. Globalization, Postmodernism and Identity*. London: Sage Publications.

Fokkema, D.W. 1996. Culturele identiteit en literaire innovatie. Afscheidscollege, Faculteit der Letteren, Universiteit Utrecht, 14 Junie.

Furedi, Frank. 2004. *Therapy Culture. Cultivating Vulnerability in an Uncertain Age*. London: Routledge.

John, Philip. 2000. Versoening, *Aufarbeitung*, "Renaissance", Verligting: Wat eis die Suid-Afrikaanse verlede van ons? *Stilet* 12(1): 43-62.

_____. 2004. Geruststellend feit of verontrustende fictie? J.M. Coetzee en de strijd tegen de domesticatie van letterkunde. *Armada* 34: 99-106.

Van Coller, H.P. 2005. *Anderkant die stilte* (André P. Brink) en die verwerking van trauma. *Tydskrif vir letterkunde* 42(1): 117-133.